Bybel vir Kinders
bied aan

Jesus en Saggeus

Geskryf deur: Edward Hughes

Ge-illustreer: Janie Forest

Aangepas deur: Ruth Klassen

Vertaal deur: Gert Badenhorst

Vervaardig deur: Bible for Children
www.M1914.org

©2013 Bible for Children, Inc.
Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.


Eendag
het
Jesus
deur
Jerigo
gegaan.

Dis die stad wat lank tevore deur Josua-hulle verwoes is.

Dit
was nou
herbou
en baie
mense
het daar
gewoon.


Tussen hulle was daar 'n man met die naam Saggeus.

Waarskynlik het die ander mense nie van Saggeus gehou nie, omdat hy belasting van hulle ingevorder het.

Saggeus het 'n deel van die geld vir die regering gestuur, maar 'n groot deel vir homself gehou.

As belastingbeampte het Saggeus baie ryk geword.



Sy huis kon maklik die GROOTSTE en MOOISTE in die buurt gewees het.



Maar hy was ook baie kort – nie kort aan geld nie, maar kort in lengte. Saggeus het nooit so lank soos ander mense geword nie.



Toe Saggeus hoor dat
Jesus in Jerigo is, ...

... wou die klein belastingbeampte die Man van Nasaret, wat beweer het Hy is die Seun van God, graag sien.

Maar die skares was
groot … en die mense lank.

Saggeus het 'n
idee gekry!

As hy vóór die skare kon kom ... in 'n boom kon klim wat oor die straat hang ... kon hy Jesus dalk sien.

Saggeus het in
'n wildevyeboom
geklim, in 'n
gemaklike mik
gaan sit en vir
Jesus gewag.

"Ek sal van hier af goed kan sien," het hy moontlik gedink. "Ek sal Hom kan sien, sonder dat Hy my sien."

"Saggeus, kom gou af." Die klein belastingbeampte kon sy ore nie glo nie.

Jesus het onder die boom gestaan. Jesus het na hom gekyk. Jesus het hom geroep!

As Saggeus
verras was om
Jesus na hom
te hoor roep,
moes hy verstom
gewees het toe
Jesus sê:

"Ek moet vandag in jou huis tuisgaan." Saggeus het so vinnig afgeklim, hy't amper geval.

Saggeus was in die wolke omdat Jesus sy huis wou besoek.

Maar die ander mense het nie daarvan gehou nie.

Hulle het beswaar gemaak omdat Jesus 'n sondaar soos Saggeus wou besoek.

Jesus het 'n totaal nuwe lewe vir Saggeus gebring.

Saggeus het gesê: “Here, ek gaan die helfte van my goed vir die armes gee, ...

... en waar ek iets van iemand afgepers het, gee ek dit vierdubbel terug."

Jesus was bly
oor Saggeus
se nuwe lewe.
Hy hou
daarvan
as mense
wegdraai
van sonde
af en doen
wat reg is.



Jesus het gesê: “Die Seun van die mens het gekom om te soek en te red wat verlore is.”



Daardie dag
in Jerigo
het Jesus
Saggeus
gevind!



Jesus en Saggeus

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

Lukas 19

"Die lees van die Woord gee lig."
Psalms 119:130

Die Einde

Dié Bybelstorie vertel ons van ons wonderlike God wat ons gemaak het en wat wil hê dat ons Hom sal leer ken.

God weet ons doen baie verkeerde dinge, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood, maar God het ons só lief dat Hy sy Seun, Jesus, gestuur het om vir ons sondes aan die kruis te kom sterf. Jesus het opgestaan uit die dood en opgevaar hemel toe! Wanneer jy in Jesus glo en Hom vra om al jou sondes te vergewe, sal Hy dit doen! Hy sal saam met jou stap deur die lewe, en jy sal vir altyd saam met Hom lewe!

As jy glo dat dit die waarheid is, sê dan die volgende vir God: Liewe Jesus, ek glo dat U God is en vir al my sondes kom sterf het en nou vir altyd lewe. Kom stap asseblief saam met my deur my lewe. Vergewe asseblief al my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan hê en eendag vir altyd saam met U kan lewe. Help my om aan U gehoorsaam te wees en vir U te lewe, sodat ek u kind genoem kan word. Amen.

Lees die Bybel en praat elke dag met God!
Johannes 3:16